# Steeds perdfris ná 75 jaar

**KORTOM**

- Met die aanbreek van die nuwe millennium het nuwe belangstelling in die Percheron ontstaan. Dit is weerspieël in die pryse wat op die jaarlikse veiling vir perde betaal is.
- Raseqte Percheronhingste word gebruik om Percheron-sportperde te teel.
- Percherons word op wynplase in die Wes-Kaap en op wildsplase as werksperde ingespan.

Trekperdrasse, soos die Percheron, het 'n ouwêreldse bekoring en nuwerwetse teling. Kruisteling met dié sagmoedige reuse beteken dat hierdie ras nou ook as plesierperd uitblink. Jan Engelbrecht, voorsitter van die SA Percheron-genootskap, en Hennie Basson, vryskutskrywer, skryf oor die genootskap se 75-jarige geskiedenis, maar ook oor die ras se herlewing en toekoms.

Die belangrikste aanvanklike voedingsbron van Percheron-teelmateriaal in Suid-Afrika was in Elsenburg in die Wes-Kaap gesetel. Dié beperkte genepoel het egter al hoe meer 'n kwessie geword. Ofskoon die belangstelling in hierdie eens gesogte perde jare lank goed was, het dit later al hoe meer begin taan. Daar was mettertyd 'n tekort aan goeie hingste vir teeldoeleindes.

Die verpotte Percherons wat toe in Suid-Afrika geteel is, het die wenkbroue laat lig en dit is in die pryse op die jaarlikse Elsenburg-veiling weerspieël.

Hierdie barometer van die stand van die ras in die land het egter in die begin van die nuwe millennium 'n betekenisvolle oplewing getoon. Dit was in 2001 ▸

WAAR PROFESSIONELE KUNDIGHEID EN RUITERPASSIE BYEENKOM

18 Jaar van uitnemende diens
In vennootskap met die grootste privaat versekeraar in SA



ONS GEE DIE PAS AAN IN PERDEVERSEKERING

- DOODSDEKKING
- GEBRUIKSVERLIES-DEKKING
- KRITIEKESORG-DEKKING
- OPENBARE AANSPREEKLIKHEID-DEKKING
- PERSOONLIKE ONGEVALLE-DEKKING
- VEEARTSGELDE-DEKKING
- PERDEVERVOER-DEKKING
- TOERUSTING-DEKKING
- STALKNEG-DEKKING

Kontak ons toegewyde Equipagé span: Tel: 087 150 1853 of 083 377 2705
Epos: info@equipage.co.za www.equipage.co.za

Hollard.
Onderskryf deur The Hollard Insurance Company Limited, 'n Gemagtigde Finansiëlediensteverskaffer

EQUIPAGÉ
INSURANCE BROKERS



**LINKS:** Trekperd, plesierperd en sportperd. Die Percheron se krag, temperament en gewilligheid om te werk is eienskappe wat dié ras se gewildheid bevorder.

◀ toe 'n merrie vir R15 000 en 'n jong hings vir R8 000 op hierdie veiling verkoop is. Vyf jaar later is by dié tradisionele geleentheid 'n stewige rekordprys van R36 000 vir die hings Elsenburg Lindore betaal.

Dié tradisionele voedingsbron van die ras is egter in die jongste paar jaar vervang deur individuele telers wat teeldiere begin invoer het. In 2009 is vir die eerste keer in 41 jaar 'n Percheronteelhings uit Frankryk ingevoer.

Dié hings, Sympa de Bellevue, is vyf jaar gelede op luisterryke wyse in die land verwelkom. Hierdie aanwins van mnr. Johan Henning se Summerwindstoetery, oos van Pretoria, is in 2011 as die land se Perd van die Jaar bekroon.

Ander telers het sedertdien nog perde ingevoer.

In die afgelope vyf jaar is nie minder nie as sewe hingste en agt merries uit onderskeidelik Frankryk en Amerika ingevoer.

Benewens Sympa de Bellevue het Henning ook Tennessy Cauvelliere en Vulkin Chateauguillon, mnr. Klaas van Wyk van die Mafura-stoetery Unico de la From en mnr. Jan Engelbrecht van die Nicolandreas-stoetery Vaillant du Challus uit Frankryk ingevoer. Mnr. Hannes van der Walt van Sterkfontein het Windermere's Whicker en Lane's End Prospector uit Amerika ingevoer.

## SPORTPERDE


Die aantekening van sogenoemde Percheron-sportperde was 'n natuurlike uitvloeisel van 'n behoefte in die mark. Kopers het toenemende belangstelling getoon in groot (15.2-16.3 hand) werkende jagperde.

Dié groter, sterker, maar ook beweeglike perde is gewild vir gebruik in verskillende perdesportdissiplines, maar ook om as werksperde op plase te dien.

Die korrekte teling met geregistreerde diere is egter van deurslaggewende belang. Percheron-sportperde kan slegs aangeteken word as die vaar 'n geregistreerde SP- (Studbook proper) Percheronhings is en gekruisteel word met 'n merrie van enige ander ras. Die vul is dan die Percheron-sportperd en word ook so aangeteken.

Die vereistes vir aantekening behels dat die perde DNS-profiele en mikroskyfie-identifisering moet hê, asook die bewys dat die vaar 'n SP-Percheronhings is. Dié diere kan egter nie mettertyd gebruik word om rasegte Percherons te teel nie.

Die toekoms vir Percheron-sportperde is juis daarop gemik om die ras se sterk punte (grootte, temperament en gewilligheid om te werk) na vore te bring en daarop voort te bou in die sportarena. Die sportperd is atleties en groot, wat hom by uitstek geskik maak vir perdesport.






Die vraag na groter ryperde met 'n kalm temperament is 'n groot behoefte by voornemende kopers.

Toe mnr. Gerrie van Zyl en ná hom mnr. Johan van der Merwe die leisels van die SA Percherongenootskap oorgeneem het, is drastiese stappe gedoen om die bedryf weer op koers te kry. Daar is veral geprobeer om die teel van diere van die ras, wat oor jare al hoe kleiner geword het, na normaal te laat terugkeer.

Groter bemarkingsaksies het gevolg en mikroskyfies het brandmerk vir die identifisering van perde vervang.

Sedert mnr. Jan Engelbrecht van Pretoria drie jaar gelede tot voorsitter verkies is, is die administrasie van die genootskap verder opgeskerp en die hersiening van die grondwet is verlede jaar voltooi. Die ledetal wissel nou ook weer rondom 'n aanvaarbare getal ernstige telers. Mnr. Johan Henning, ook van Pretoria, is die huidige sekretaris van die genootskap.

Daar word beoog om die genootskap se jaarvergadering tydens Agri Megaweek op Bredasdorp te hou. Eregaste sal op 'n glansgeleentheid erkenning ontvang vir hul bydrae deur die jare tot voordeel van die Percheron in Suid-Afrika.

## ASSOSIAAT-LEDE

Assosiaat-lidmaatskap is geskep sodat lede wat nie noodwendig telers is nie, betrokke kan wees by die genootskap se skoue en toegang kan hê tot toepaslike inligting rondom die gebeure in die genootskap en rakende die ras.

Assosiaat-lede se lidmaatskapgeld is ook minder as dié van telers. Hulle het egter geen stemreg op die jaarvergadering nie. 'n Bykomende doel van assosiaat-lidmaatskap is om perde-eienaars wat graag skou, die geleentheid te bied om saam met die ander telers te skou.

Die vraag na suiwergeteelde Percherons bly toeneem. 'n Paar wynplase in die Wes-Kaap het selfs na die ou gebruik teruggekeer om Percherons in hul boorde aan te wend. Die Waterkloof- en Elgin Ridge-wynlandgoed, buite Somerset-Wes, is voorbeelde van hoe in die modern konteks steeds met Percherons gewerk word.

Die Percheron verleen homself ook tot landboutoerisme. Talle wildsplase gebruik byvoorbeeld dié perde om toeriste nader aan die natuur te bring met wildbesigtigingsritte.

Die Percheron word ook in liggaamlike en sielkundige terapie gebruik. Een lid gebruik Percheron-perde in sielkundige terapiesessies om kliënte te help om hul vrese te oorkom. 'n Ander lid se werk met perde was só suksesvol dat dit uitgeloop het op deelname aan die Paralimpiese dressage-kompetisie.

Dié is maar enkele voorbeelde wat getuig van die kalm temperament en gewilligheid van die Percheron om sy eienaar tevrede te stel. Hierdie eienskappe maak van hierdie ras nie net 'n getroue werkperd nie, maar ook 'n gewilde plesierperd.

## EERSTE NASIONALE KAMPIOENSKAP

Nie alleen is die eerste nasionale kampioenskap in Februarie vanjaar gehou nie, maar die beoordelaar moes behoorlik kopkrap om die blou rosette uit te deel. Die gehalte van die perde, ruiterkuns en hantering het beïndruk.

Die nasionale kampioenhings is Vulkin Chateguillion en die nasionale kampioenmerrie is Summerwind Sharifa. Albei is die eiendom van die Summerwind-stoetery buite Pretoria.

Die gewilde gewigtrek-klas groei ook. Van jonk tot oud geniet hierdie klas. Dié klas is werklik 'n belewenis om te sien en te ervaar hoe sterk hierdie perde werklik is. **LBW**

NAVRAE: Webwerf: **www.percheronsa.co.za.**

